# George Munsipaliteit
## het met onmiddelike effek
# STRENGER WATERBEPERKINGS
## geïmplementeer

GEORGE
THE CITY FOR ALL REASONS

ELKE DRUPPEL TEL

## Die onmiddellike maatreëls is soos volg:

1. Huishoudings word tot 15 kiloliter per maand beperk.
2. Ander verbruikers, besighede en vermaaklikheidsplekke moet verbruik met 15% sny, gebaseer op die gemiddelde verbruik oor die voorafgaande ses maande. Dit sluit kommersiële karwasbesighede en ander besighede in wat van munisipale water afhanklik is.
3. Nywerhede moet verbruik met 10% sny, gebaseer op die gemiddelde verbruik oor die voorafgaande ses maande.
4. Tuine mag slegs met ‘n gieter of emmer natgegooi word, enige tyd van die dag.
5. Die natmaak van ALLE sportvelde met munsipale water word verbied.
6. Was van voertuie met 'n tuinslang met munisipale water word verbied. Emmers word toegelaat.
7. Die skoonmaak van enige buite-oppervlak met 'n waterslang (munisipale water) is verbode.
8. Die opvul van swembaddens met munisipale water is verbode.
9. Waar eie water uit 'n boorgat, watertenk ens gebruik word, moet ‘n “EIE WATER”-kennisgewing duidelik sigbaar wees.
10. Noodtariewe sal volgens 2A van die 2022/23-tarieflys geïmplementeer word.
11. Vloeiverminderingstoestelle sal geïnstalleer word waar limiete oorskry word.
12. Oortredings is strafbaar met 'n boete of ses maande gevangenisstraf.

# RAPPORTEER
## alle waterlekke by
## 044 801 9262 of n/u 044 8016300

**Oortredings van waterbeperkings kan by 0800 424 477 aangemeld word**